



Rina Sherman saam met die regisseur Jean Rouch as akteur in haar rolprent *Mesdames, Messieurs, les locataires* (*Dames en Here, Die Huurders*).

Die dubbele slangkop

Waarom jou gaan afsonder tussen tradisionele mense en wat hou jy nou eintlik daarvan oor? Wat hou jy van jou pa en ma oor en kan jy ooit weer in Suid-Afrika kom woon?

In hierdie tweede deel van die onderhoud met Rina Sherman, filmmaker, etnoloog en skrywer en sedert die tagtigerjare al 'n Parysenaar, praat sy oor "oorblyfsels".

RINA SHERMAN: Die eerste vraag wat Didier Contant (Rina se lewensmaat wat op raaiselagtige wyse dood is) vir my gevra het toe hy oor my verblyf van sewe jaar by die Ovahimba ('n stam in noordwes-Namibië) kom skryf het, was "Hoekom is jy hier?"

Dit is 'n vraag wat enige etnoloog die skrik op die lyf jaag, want 'n mens weet nie altyd presies waarom nie. Ek dink egter die soeke na die liefde is die enkele, grootste motivering van enige mens.

Didier het my so gekyk: "Hier?" My Ovahimba-familie het om my gesit voor die hut en ek het gedink aan die lag, die huil, die konflik en die reuse-fuifpartye wat ons soms saam gehou het en bloot "ja" gesê en vir Didier



Brouhaha

(Kommosies oor mense, kultuur en Afrikaners-in-diaspora)

EBEN VENTER

daarmee gelaat.

Agterna beskou was dit 'n proses wat my finaal die "ander" as 'n moontlike self laat sien het. En dit opsigself is om binne die genade te lewe, dit is *a state of grace*.

EBEN VENTER: Maar wat hou jy nou ná al die jare van die lewensveranderende uittoeg oor? Word so 'n ervaring nie net teruggeskuif tot die domein van die herinnering nie of het dit jou lewensinstelling dierend verander sodat jou Ovahimba-ervaring selfs en steeds in 'n eerstewêreldse stad soos Parys relevant bly?

RS: Toe ek myself weer ná sewe jaar in Parys bevind het, was die eerste woord wat by my opgeklim het "obseen". Die oorbloed van alles. Winkelvensters met honderde soorte skoene, potte,

appels en nog meer. Uitgevatte vroue wat op polve met sakke vol klere uit boetiese strompel. Koop is 'n kultuur. Almal wil net nog hê. Dié kultuur is inderdaad bankrot, het ek deurgaans vir myself gesê.

Ek is daagliks deur my rolprent- en foto-redigering en skryfwerk met die Ovahimbamense besig. Daar is gedurig mense wat hulle namens my gaan sien. Ek gee konferensies, gaan na rolprentfeeste. En dit is net die begin. Ek sal weer teruggaan vir 'n lang verblyf. Ek mis die mense, die humor, die manier van dinge beskryf sonder waarde-oordele, die hegte band tussen die mense, 'n houding van "leef en laat leef".

Die hoofman wat vir my soos 'n pa geword het, het eendag my hand gevat: "Mense sê ek is 'n slangkop, maar jy is 'n dubbele slangkop." Dit is 'n kompliment. Sy pa was 'n uitmuntende toerder en kon onder meer die groot vuur in die berge laat verskyn.

Tydens die eerste maande van my terugkoms het ek dae lank deur die strate gewandel en mense en plekke verfilm. Dit was 'n manier om weer kennis te maak met die leefwyse hier en ook om myself onsigbaar te maak deur agter die lens te verdwyn.

Ek het die beelde verwerk in 'n rolprent, *Paris of My Exiles*. Dit

gaan oor hoe Parys vir die antropoloog lyk ná sewe jaar se lewe in 'n hut.

Ek woon nou aan die voet van die Montmartre-bult in Parys. In 'n klein, stil buurt van die andersins museumryke, toeristedeel van die stad. Van die Montmartre van ouds bly daar slegs 'n paar ou mense oor wat soos geeste ronddwaal. Nadat ek jare lank in die gesogte sewende arrondissement net oorkant die Suid-Afrikaanse Ambassade op die linkeroewer van die Seine gewoon het, is dit 'n ervaring om die ware Parys, noord van die regteroewer, te leer ken. Die mense hier is meer diskreet en ingekeer; hulle kyk jou nie maklik in die oog nie. So ek neem my tyd en probeer 'n paar van hulle mak maak – dit wil sê toenadering soek!

EV: Sou jy ooit na Suid-Afrika kom terugkeer vir jou werk én lewe?

Ek dink hier aan die passasie uit Mohsin Hamid se *The Reluctant Fundamentalist*: Die Pakistane hoofkarakter is terug in Lahore ná sy merkwaardige uittoeg na NYC. Gedurende daardie uittoeg het die World Trade Center getuimel en sy verhouding met 'n Amerikaanse meisie het terselfdertyd ten einde geloop – daar word gemeen sy het

haar lewe geneem. Vervolgens skryf Hamid: "Such journeys have convinced me that it is not possible to restore one's boundaries after they have been blurred and made permeable by a relationship . . ."

Of miskien is dit nie nodig om terug te keer nie. Soos jy sê, toe jy daardie dag oor die baai van Algiers, die mees noordelike stad van Afrika, uitkyk, sien jy duidelik hoe jou sirkelpad geloop het van jou geboortestad, Kaapstad, na jou ballingstad, Parys en weer terug na Afrika, Algerië in die noorde en verder suid na Namibië. Jy het dus eintlik klaar teruggekeer . . .

RS: 'n Mens moet nooit jou tuisdorp verlaat nie. Indien jy dit doen, is daar dikwels geen terugkeer nie.

Buiten vir die "Sewe Jare by die Ovahimba" woon ek sedert 1984 in Parys toe ek hierheen gekom het in vrywillige ballingskap. My gees is deur die plek gevorm en veral die jare van studie en samewerking met Jean Rouch, een van die laaste groot geeste van die 20ste eeu wat Frankryk opgelewer het. Hy is een van die grootste invloede op my lewe, my manier van dink en dinge benader. Hy was 'n seldsame mengsel van humor, poësie,

surrealisme, en *rigour*, en het dit alles laat saamsmelt in 'n veerligte gees. Jean was, soos ek, 'n Euro-Afrikaan.

Maar die rotsfondasie van Tafelberg en my mense in Suid-Afrika het ongetwyfeld 'n soliditeit vir my gegee. My familie, my vriende, ek dink aan mense soos Johan van Wyk, een van die beste Suid-Afrikaanse digters, Ariane Besson met haar uitmuntende, visuele talent. My musiekonderwysers, Adolph Hallis vir klavier, Eva Jezkova vir viool, en Klaus van Oostveen vir komposisie, was die mense wat aanvanklik my kop oopgemaak het vir 'n breër en groter wêreld. En dan is daar Stephen Bantu Biko se denkwysse waarmee ek kennis gemaak het toe ek as aktrise by die Dhlomo-teater in Newtown gewerk het. Biko het

gesê 'n mens moet eers vry in jou gees wees voor jy werklik vry sal wees.

Ten laaste is daar die wêreldklas-skrywers soos Etienne Leroux en J.M. Coetzee – mense wat wys genoeg was om nie op die apartheid-soustrein te spring nie, maar wat bloot geskryf het.

Vandag beskou ek die lewe met 'n kubistiese visie, 'n deel Afrikaner en Suid-Afrikaner, 'n deel Frans en 'n deel Omuhimba. Dit is inderdaad 'n voorreg om met 'n mens se voet in menige kulture en tale te staan.

EV: Gewoonlik word kontinuïteit in families deur die voortbring van kinders verseker. Ek reken kontinuïteit kan egter ook op ander vlakke geskied.

Jou ma, Elisabet, was 'n gedrewe vrou. 'n Ware matriarg. Boonop met 'n gesonde sin vir

humor en self-ironisering. Ek onthou haar een warm somersmiddag in Northcliff nog druppelend nat uit die stort: sy het 'n lus vir die lewe gehad.

Jou pa, Tommie Sherman, was 'n geslote mens, 'n mens kon byna skrik vir hom. Emosioneel gekeer op homself met die onderlaag – omdat jy daarvan geweet het – van 'n vaste geloof in sy politieke idees. (Tommie was lid van die Broederbond.)

Jou lewenstyl en politieke oortuigings kon nie verder weg van jou ouers en spesifiek jou pa s'n afgewyk het as wat dit wel gedoen het nie, en tog, terwyl ek jou op televisie in 'n onderhoud dophou, sien ek daardie versekerdheid, daardie krag van jou ma, en jou geloof in jou inligting én ervaring, jou gedreweheid oor wat jy glo is reg. Maar dan sonder dat jy dit op jou gehoor

wil afdwing, 'n mens voel dit net aan, daardie skalkse glimlag terwyl jy na die ander deelnemers luister. Ek sinspeel op familie-kontinuïteit . . .

RS: My ouers het elk op onderskeie geleenthede voor hulle dood vir my gesê hulle weet “apartheid was 'n sluierspel”, 'n *hoax*. Deur die jare van ballingskap het hulle en my suster en haar familie lojaal gebly teenoor my, al was my ballingskap nie vir hulle maklik nie. Hulle is formidabele mense. Dit is die Afrikaner-etiek, stamina en bittereinder-eienskap wat my die krag gegee het om op te staan vir myself en dit wat ek dink, wanneer en waar dit nodig was. En dit ten eerste teenoor die beleid van rassistiese segregasie van die voormalige Suid-Afrikaanse regering.

Ek het gisteraand na die Mandela-konsert in New York

gekyk met 'n hart wat klop vir die vreugde en energie waarmee die Afrika- en Afro-Amerikaanse kunstenaars fees gevier het, en veral toe die “IT-man” van ons tyd, pres. Barack Obama, sê: “Happy Birthday, Nelson Mandela.”

Die dag sal hopelik kom wanneer mense nie meer nodig het om etniese kodes te gebruik wanneer hulle van 'n Afrikaan of 'n Arabier praat nie, maar bloot van “die man” of “die vrou” soos wanneer hulle van 'n Westerling praat. Dit sal die dag wees wanneer die “ander” vir almal 'n moontlike self sal wees; niks minder en niks meer nie.

♦ **Webwerwe oor Rina Sherman se werk:** www.rinasherma.com; www.ovahimba.info; <http://8e-mort-tibhirine.blogspot.com/>; www.der.org/films/filmmakers/rina-sherman.html